

KOERSVAS

Jaargang 2 Uitgawe 29 29 November 2013

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Verklaring

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Ons voel so tuis.

Daar is telkens tydens sH byeenkomste asook die Bondsvergadering, verwys na die rustige saamwees wat lidmate en ampsdraers ervaar. Die vreedsame samesyn van geesgenote word wyd belewe en lank bespreek. Hierdie ervaring van 'n tuiskoms na die omswerwing in die woestyn, is nie beperk tot sodanige byeenkomste nie.

Uit vele van die Selfstandige gemeentes word berig ontvang van lidmate wat skoon bewoë raak oor die koestering wat hulle ervaar. Buite die ligkring van erkenning, woed die aanslae van 'n algemene kommissie en 'n litigasie komitee. Desnieteenstaande verguising en voortdurende vervolging, voel lidmate nou soos die spreekwoordelike verlore lam wat skuiling gevind het.

By baie kerke oral in die wêreld is daar komitees wat persone verwelkom, met uitgewerkte aksies en strategieë om nuwe lidmate te laat inskakel. By sommiges werk dit, en by ander gemeentes word die harde werk gedoen, sonder resultaat. Mense bly mense en die verwyf dat daar klieks by gemeentes

is, is op meer as een vlak waar. Klieks is deel van die manier waarop gemeenskappe hulself organiseer. Ons vind geslote groepe by die skool, by die werk, op en langs die sportveld en ook in die kerk. Daar sal altyd diegene wees wat strewe daarna om deel te wees van 'n geslote groep waarbinne hulle tuisvoel. Hierdie geslote groepe kan selfs eie lede bevoordeel. Dit is ook nie noodwendig dat mense 'n koterie van selfsoortiges versamel nie.

Daar is klieks wat niks anders is nie as 'n ruimte vir finansiële bevoordeling van 'n sekere gekeurde groep. Mense wat dieselfde dink, dieselfde geskiedenis het, dieselfde sosiale status het, of net "deel wil wees", soek aansluiting by sodanige groepe. Sommige groepe is meer geslote as ander. Sommige klieks weet nie eens dat hulle deur hul optredes mense uitsluit nie, wat nog te sê dat hulle 'n kliek is.

Wat is dit wat verander het by Selfstandige gemeentes? Die mees opmerklike is dat lidmaatskap van so 'n gemeente nie vanselfsprekend is nie. Lidmaatskap van die NHKA is juis een van die "hefbome" wat deur die

KommAKV gebruik is om lidmate te ontmoedig om deel te wees van die selfstandige behoudende denkergroep. Die keuse om lidmaat te wees of te word, is 'n doelbewuste geloofskeuse vir die meeste mense. Sommige lidmate ry tot soveel as 200 kilometer op 'n Sondag om 'n enkele erediens by te woon. So 'n toewyding dui op 'n oortuiging wat geweldig ondersteunend is tot enige groep mense wat uit oortuiging optree.

Lidmate wat uit vrye keuse besluit om sH lidmate te word, kan nooit as 'n bedreiging verstaan word nie. Nuwe lidmate word in die nuwe konteks deur almal met ope arms aanvaar en verwelkom.

In Selfstandige gemeentes is die grootste groep geesgesindes bymekaar, veral omdat hulle net die beste in nuwe gesigte raaksien. Durf ons stel dat die koterie van behoudende gelowiges altyd nuweling sal verwelkom? In die tussentyd voel ons so welkom en tuis by die kerk, by die vergaderings, by die funksies. Dit is ons mense diè!

NUUSBROKKIES

- Koster Hervormde Kerk se Vleisfees, baie dankie. Na 'n bedrywige week en 'n baie suksesvolle Vleisfees op Saterdag 2 November 2013, wil ons eer en dank aan ons Skepper bring vir die manier waarop Hy vir ons sorg, en ons seën in al ons werksaamhede hier by Koster Hervormde Kerk. Ons het Vrydagaand afgeskop met 'n groot gejuig...Steve Hofmeyr het Koster uit sy fundamente kom ruk, met 'n asemrowende vertoning!! Hoe bevoorreg was ons nie om 'n kunstenaar van sy gehalte by ons te kon ontvang nie? Die saal was stampvol...nie plek vir 'n muis nie!!! Vroeg Saterdagoggend het ons lang beplande vleisfees afgeskop...Van die Penkoppe, Cecilia Swart, karatika's, moderne dansers, "cheer leaders" regdeur tot 'n koekversiering en 'n blommerangskikking demonstrasie, daar was beslis iets vir almal!! En dan nog

nie te praat van al die ander stalletjies met smullekker eetgoed nie!! Pap en Kaiings, Lewerkoekies, Vetkoek, Kerrie en Rys, Sosaties, Worsbroodjies, Poeding, en 'n Vleisafel wat ondermeer 'n half ton boerewors gehad het!! Daar was allerlei stalletjies, en buite vermaak en eetgoed was die hele tuin vol. En om alles te kroon het Hannon Bothma ons kom vergas met sy teenwoordigheid, vir die tweede opeenvolgende jaar!! Sjoë!! Al die glanspersoonlikhede in een week vir Koster...Lindie Stander, Steve Hofmeyr, Hannon Bothma, Die Penkoppe, Cecilia Swart en Odette!! Aan die Feeskomitee en die Taakmag...Julle is 'n wenspan, welgedaan en baie geluk met 'n feestelike FEES!!!* Catherine Mouton

- Premiermyn se 1 jaar Voortsettingsfees is saam met Nagmaal en die gemeentete gevier die naweek van 17 November. Die ete was beter as ooit ondersteun en die Dorkas het hulself oortref met die voorsit van keurgeregte. Lekker kuier was nog nooit so lekker nie!

- Woensdag 27 November moes ons regspan in die onbestrede hof verskyn om 'n stil poging tot 'n hofbevel vanaf die NHKA te keer. Die NHKA het in Louis Trichardt weer vir die derde maal probeer om (hierdie keer in die onbestrede hof) 'n hofbevel rondom eiendomme te kry. Dit weer eens terwyl advokaat du Plessis met arbitrasie in Kaapstad uitstedig was. Die poging was aangewend nadat ons regspan nie betyds dokumente rakende die saak ingedien het nie. (Op ons beurt wag ons reeds maande vir hofstukke, sonder dat ons regspan sake op die onbestrede rol probeer plaas.) Sonder om enige persoon kennis te gee, is die saak wel op die rol geplaas. Hul poging het nie geslaag nie, ons betwis mos die saak. Hul poging om die kostebevel van die eerste poging omgekeer te kry, was ook nie suksesvol nie. Dit wil lyk asof die NHKA litigasie komitee desperaat is vir 'n vuishou teen ons hofbevel rakende eiendomme.

- Dieselfde twyfelagtige taktiek word nou ook deur duie NHKA gevolg rondom Koster se eiendomme. Die saak is vir volgende week in Mafikeng se howe geskeduleer. Intussen het ons regspan lankal versoek dat die saak na die Gauteng howe verskuif moet word. Hierdie

hardnekkige pogings om Selfstandige gemeentes se eiendomme op te raap, strek diegene betrokke tot skande. Daar is 'n duidelike geskiedenis in die NHKA van gemeentes wat finansieël sukkel, toe te maak en die (dikwels hoog ontstelde) lidmate dan by ander gemeentes in te deel. Nou word flentertjie gemeentes van so min as twaalf (12) deur die NHKA in stand gehou. Die KommAKV en Ringskommissies word oral rondgestuur om sodanige "NHKA verontregte lidmate" te "ondersteun" (gebruik of dalk selfs misbruik?) Dit alles om 'n misplaasde vermeende aanspraak op eiendom te kan bolwerk.

- Lidmate wat wil bydra tot die betaal van die diensverskaffer (preke op internet by www.steedshervormers.co.za), of net wil bydra tot die Geloofsbond, moet kennis neem van die bankbesonderhede:

BANKBESONDERHEDE:

Naam: Geloofsbond van Hervormde Gemeentes
Bank: Eerste Nasionale Bank van Suid Afrika (FNB)

Rekeningnommer: 6243 092 3088

Tak: Pretoria Noord

Takkode: 250 655

Persverklaring – Ds Lewis Strauss

Totstandkoming van Onafhanklike gemeente in Bloemfontein.

Daar het Sondag 'n Onafhanklike Hervormde Gemeente in Bloemfontein tot stand gekom. Die Gemeente sal aansluiting soek by die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes wat reeds bestaan uit 25 gemeentes wat hulle bande met die Ringsvergaderings en Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika verbreek het. Dit maak van die Bloemfonteingemeente die 2de gemeente in die Vrystaat wat voortaan onafhanklik gaan funksioneer nadat Gemeente Vrede hulleself vroeër onafhanklik verklaar het.*

Intussen sal daar steeds 'n Gemeente wees wat as NHKA Gemeente Bloemfontein-Wes sal funksioneer en deur die konsulent dr Johan Nel bedien sal word.

Hierdie is die uitvloeisel van 'n Gemeentevergadering van die NHKA Gemeente Bloemfontein-Wes wat Sondag plaasgevind het onder voorsitterskap van die leraar ds Lewis Strauss. 83 belydende lidmate het die vergadering bygewoon. 'n Voorstel van die Kerkraad dat die Gemeente haarself onafhanklik verklaar is gesEkondeer en bespreek. Ná insette van die administrateur van die Kerk, mnr Elmar

Stuwig en die ringsvoorsitter dat so 'n voorstel onkerkordelik sou wees het die voorsitter geantwoord dat 'n gemeente volgens die Ordereël 4 van die Kerkorde 'n selfstandig georganiseerde gemeenskap van gelowiges is en daarom self oor die handhawing van geloofsbande met ander gemeentes kan besluit. Die saak is gedebatteer. Met 'n meerderheid van stemme is besluit dat die voorstel nie tot stemming gebring sal word nie.

Daarop het Ds Strauss die vergadering meegedeel dat hy die vergadering verlaat en namens diegene wat saam met hom sou uitgaan versoek dat hulle verder in die saal mag vergader. Die konsulent het die voorsitterskap oorgeneem en 40 van die 83 teenwoordige lidmate het die vergadering verlaat. Strauss het in sy gebed tydens die voorafgaande erediens gebid vir vrede tussen gelowiges van verskillende oortuigings en ook met die verduideliking van die aangeleentheid rondom die terugtrek van sy handtekening (van die staat van belydenis) gevra dat wat ookal gebeur die onderskeie partye mekaar altyd vriendelik sal groet en wedersyds respekteer. Hy het bevestig dat dit is hoe hy dit ook sedert Sondag beleef.

Die onafhanklike gemeente het tydens die vergadering in die saal tot stand gekom. Die 4 ouderlinge en 3 diakens sal hul dienswerk onveranderd in die onafhanklike gemeente voorsit en Strauss het die skriftelike versekering van die Kuratorium van die Geloofsbond ontvang dat hy sonder die nodigheid van eksaminering en ordening onveranderd met sy ampswerk binne sy nuwe werkskring kan voortgaan.

Die onafhanklike gemeente sien haarself as die ware voortsetting van die NHKA soos hulle die Kerk geken het oa tot in 2006 toe die destydse voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering teenoor 'n afvaardiging van die WARC (later WCRC) verklaar het dat die Kerk moet verander. Daardie veranderinge is besig om hulleself te voltrek soos blyk uit besluite geneem tydens die afgelope 70 AKV. Die onafhanklike gemeente beskou haarself as 'n volkskerk wat sy werk as kerk onder die Afrikanervolk wil uitleef ook met die oog op die dringende behoefte aan sending- en evangelisasiewerk onder Afrikaners. Strauss het beklemtoon dat dit is wat volkskerk vir hulle beteken en nie iets anders nie. Verder sal 'n stigtelike erediensorde gehandhaaf word met sang uit die Liedboek van die kerk. Prediking sal Skrifgetrou wees en binne die raamwerk van die Belydenisskrifte.

Wat die hele proses aan die gang gesit is was die ordemosie gestel en aanvaar tydens die 70ste AKV waarteen Strauss sy teenstem aangeteken het voor hy die vergadering verlaat het. Die ordemosie het onder ander gestel dat

ondertekenaars van die staat van belydenis nie die vergadering mag bywoon nie. Daarna het die Kerkraad twee inligtingsessies gereël: Onderskeidelik deur Dr Wim Dreyer (huidige voorsitter van die KAKV) en 3 doktore uit die geledere van die steedsHervormers. Dit het gedien ter voorbereiding van Sondag se vergadering.

Strauss het ivm eiendomme (wat hy volgens 'n vorige koerantberig sou wou "kaap"), gesê dat die versoek gerig is dat die oorblywende NHKA Gemeente 'n vreedsame verdeling van eiendom oorweeg.

Die eerste Kerkraadsvergadering het Woensdag plaas gevind en die eerste onafhanklike erediens in die Emmanuelkapel in Falckstraat vind Sondag plaas. Sodra 'n vaste erediensplek gevind is sal dit geadverteer word. Navrae kan gerig word aan ds Strauss by 0796559239 of ljstrauss@lantic.net

Die Kuratorium het na aanleiding van navrae besluit om die volgende bekend te maak.

Verklaring

Hiermee rig die kuratorium die volgende versoeke:

GEMEENTES

- 'n Gemeente wat onafhanklik geword het, besluit self wanneer hulle 'n aansoek rig om deel van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes te word. So 'n gemeente rig dan 'n skrywe (e-pos) aan die Kuratorium. Sodanige gemeente se naam sal dan by monde van die Kuratorium amptelik openbaar gemaak word.

- Gemeentes rig ook 'n versoek tot die Kuratorium oor welke predikant hulle as leraar benoem en wie hulle as hul konsulent wil hê. Die Kuratorium sal met die betrokke predikant skakel en 'n aanbeveling aan die versoekende gemeente voorlê.

PREDIKANTE

- Ampsdraers wat in die GHG werksaam wil wees neem kennis dat die volgende tussentydse maatreël getref is ten opsigte van nuwe aansoekers: Alle emeriti en predikante van die NHKA wat weens hulle betrokkenheid by die steedsHervormers en GeloofsBond, of weens hulle ondertekening van die Staat van Belydenis deur die NHKA-leiding leed aangedoen is (emosioneel of finansieel), word versoek om hul aansoek en persoonlike inligting aan die Kuratorium deur te gee. Die Kuratorium stel hulle dan amptelik aan al die onafhanklike gemeentes bekend.

- Alle voornemende teologiese studente, en oud-predikante wat weer in die amp herstel wil word, kan die Kuratorium nader vir die nodige inligting.

ds Frans Oosthuizen

Voorsitter: Kuratorium
ds.frans@imagnet.co.za

KENNISGEWINGS

- Lewensbrood 2014 - Baie dankie aan al die gemeentes en lidmate wat hul bestellings geplaas het. U is steeds welkom om daardie ekstra paar laat bestellings van 5 of meer ekstra boeke vinnig deur te stuur, ons het 'n paar ekstra laat druk!! Hierdie is die ideale kersgeskenk vir geliefdes.

- Premiermyn Hervormde Kerk bied DV die 29 & 30e November hul jaarlikse Kuns en Kersmark aan. Die mark sal van 09:00 tot 21:00 oop wees Vrydag en van 09:00 tot 15:00 Saterdag. Skakel met Alta 082 682 1252 of Annetjie 082 921 8200

- Premiermyn Hervormde Kerk hou DV 29 November 'n Kersliedjie by Kerslig geleentheid. Almal is welkom.

- **KOERSVAS EN DIE SKIETLOOD JAARGANG 1 KAN BESTEL WORD @ R40 PER EKSEMPLAAR. BESTEL SO GOU MOONTLIK PER E-POS BY DANIE WAT AS ADMIN ONS HELPENDE HAND IS.**

Telefoon **071 656 9952**

e-pos admin@steedshervormers.co.za

Stuur asb. u kennisgewings en nuusbrokkies na j.otto@telkomsa.net; of na admin@steedshervormers.co.za; vir opname in die volgende Koersvas.